# JEUGLES: Helde van die Bybel 2

# Leiers bring asb julle Bybels saam!!

## 1. PRAISE AND WORSHIP

## 2. INLEIDING:

Ons het verlede week na twee helde gekyk wat bang was, maar wat hulle nie daardeur laat keer het nie. Dit het gemaak dat hulle op God vertrou het, PRESIES wat God wil hê ons moet doen. Hierdie twee helde was Josua en Gideon gewees. Vanaand gaan ons na die volgende twee helde kyk.

Albei van hulle was Rigters gewees. Kom ek verduidelik gou vinnig weer wat ‘n Rigter is. In die tyd van die Rigters het God self oor die volk Israel regeer, hulle het nie konings gehad nie. Die volk het vir jare goed aangegaan en gedoen wat God gesê het, dan op ‘n dag het hulle weer afgode begin aanbid, en dan het God weer swaarkry oor hulle pad gestuur.

Wanneer DIT gebeur het, het God ‘n Rigter opgerig / aangestel wat hulle dan, met God se hulp, gered het van hulle vyande.

## 3. Ysbreker:

Ons gaan gou twee ysbrekers doen om ons so ietsie van hierdie twee helde te vertel.

**3.1 Ysbreker 1**: Elke groep gaan ‘n naald, garing, stukkie materiaal en ‘n knoop kry. Ons gaan kyk watter groep kan die knoop die eerste vaswerk.

**3.2 Ysbreker 2**: Daar gaan ‘n klomp swaar goed wees, en die kinders moet kom kyk wie die swaarste ding kan optel.

## 4. HELDE VAN DIE BYBEL

Ons lees nie in die Bybeldele van hierdie twee helde dat hulle bang was nie, maar wel iets buitengewoons oor albei.

Die een was ‘n vroue Rigter gewees, die enigste waarvan ons weet. Haar naam was Debora gewees.

Die ander Rigter was die sterkste man in die Bybel waarvan on sweet. Wie weet wie hy was? Dis reg, Simson.

Ek gaan nie verder vir julle oor hulle vertel nie, julle gaan self oor hulle lees in die strokiesprente. Die groepleiers kan albei by my kom haal en in die groepe doen. Hierdie is net klein stukkies uit sy lewe, om julle te motiveer om self verder by die huis oor hulle te gaan lees.

## 5. SLUIT AF MET GEBED IN JULLE GROEPE

Prentjies: http://www.freebibleimages.org/illustrations